VAKATURE: DEELTYDSE LERAARSPOS

AREA: OOS-KAAP

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se missie is om bekostigbare Bybels te voorsien vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.

Die Bybelgenootskap is een van die 149 ander Bybelgenootskappe regoor die wêreld, wat deel vorm van die "United Bible Societies". Die Bybelgenootskap van SA werk in vennootskap met al die Christene en Kerkgenootskappe in SA en is afhanklik van hulle ondersteuning. Daar is 'n amptelike vennootskap met lidkerke.

Posvereistes:

- Geordende predikant van 'n lidkerk van die Bybelgenootskap verkieslik tussen die ouderdom 45-60 jaar
- Fondsinsameling in kerke en in streek, 2 preekbesoeke per maand
- Goeie kommunikeerder in Afrikaans en Engels
- Goeie menseverhoudinge: die vermoë om netwerke te bou en te onderhou
- Deeglike organiseerder
- Die bestuur van die Bybelgenootskap-kantoor in Port Elizaberth/Gqeberha

Pos omskrywing:

- Die posbekleër moet oor eie vervoer beskik
- Daar sal verwag word om die Bybelgenootskap by die kerke in die Oos-Kaapstreek te verteenwoordig en ondersteuning vir die missie van die Bybelgenootskap te bevorder

- Die suksesvolle kandidaat sal deur ‘n betrokke kerkgenootskap benoem en bevestig word
- Basiese vergoeding met die moontlikheid om die pos uit te brei

Aansoeke:

- Volledige CV met drie toepaslike referente met kontakbesonderhede moet elektronies gestuur word na bauermeister@biblesociety.co.za

SLUITINGSDATUM: 31 Oktober 2023

Diensaanvaarding: 1 Januarie 2024

Navrae oor die pos en vergoeding:

- Dr Quintus Heine (Streekleier: Kaapse-streke) heine@biblesociety.co.za

Die Bybelgenootskap behou die reg voor om nie n aanstelling uit die aansoekers of genomineerdes te maak nie